Rustenburg Gemeenskapskerk
Posbus/PO Box 20146
Proteapark
0305
Cell:066 270 3086
E-mail: esta1@vodamail.co.za

**Weeklikse Brood vir 5 - 11 April 2020**
**Sesde** week in **Lydenstyd - Groot Lydensweek**
**Skriflesing vir die week: Matteus 26: 14 - 27: 66**
Skriflesing vir volgende week: *Johannes 20: 1-18*

## Palmsondag - *Ingenooi in God se rus en tyd*

Lees ***Matteus 26: 14-45.*** Lees ook ***Jesaja 50: 4-5*** en oordink dit in gebed.

- ✓ Hier is verraad ter sprake. Judas beplan om Jesus te verraai en Jesus kondig aan dat Petrus Hom sal verloën.
- ✓ Het mense jou of iemand na aan jou al verraai? Dink jouself in hoe Jesus moes voel. Het jy al soos Judas of Petrus teenoor Jesus opgetree?
- ✓ Het (geld)gierigheid jou al op 'n manier laat optree dat jy vir Jesus of jou eie dissipelskap verloën het?
- ✓ Verbeel jouself jy is een van die dissipels wat saam met Jesus aan tafel sit. Wat sou jy graag vir Hom sê of vra?

## *Maandag - Luister na God se Woord*

Lees ***Matteus 26: 36-56.*** Lees ook ***Jesaja 50: 4-5*** en oordink dit in gebed.

- ✓ Let daarop dat Jesus selfs hier, wanneer sy heel naaste dissipels Hom in die steek laat, aanhou om hulle te leer. Kan jy jouself indink hoe benoud Jesus moes wees terwyl Hy hier tot die Vader gebid het? Was jy al so paniekerig as jy gebid het? Wat leer jy omtrent gebed in hierdie gedeelte?
- ✓ In vers 47-50 kom Judas se verraad tot 'n hoogtepunt. Hoe laat dit jou voel?
- ✓ Lees weer vers 56b. Dink jouself in hoe alleen moes Jesus hier voel.
- ✓ Op watter manier hardloop sy dissipels vandag nog van Hom af weg?
- ✓ Lees ***Psalm 31 : 10-14*** as gebed.

## *Dinsdag - Luister na mekaar*

Lees ***Matteus 26: 57-75.*** Lees ook ***Jesaja 50: 4-5*** en oordink dit in gebed.

- ✓ Jesus word valslik beskuldig dat Hy God laster. Ken jy iemand wat al vals beskuldig is of teen wie daar in 'n hofsaak onregverdig gehandel is? Hoe laat dit jou voel?
- ✓ Dalk het iemand jou onlangs vertel van 'n onregverdige situasie waarin hulle hulleself bevind het. Hoe het hulle dit beleef?
- ✓ Let op na die volgende: Jesus se erkenning dat Hy die Messias is, word afgewissel met Petrus se ontkenning dat hy vir Jesus ken. Ons kan ons eie swakheid in Petrus se swakheid raaksien.
- ✓ Vandag is ons oortuig daarvan dat Jesus die Messias is. Vra vir iemand wat dit vir hulle beteken dat Jesus die Messias is.

### *Woensdag - Luister na ander en die tye*

Lees ***Matteus 27: 1-10.*** Lees ook ***Jesaja 50: 4-5*** en oordink dit in gebed.

- ✓ Pilatus is die Romeinse goewerneur en het die mag om Jesus te laat kruisig. Die Joodse leiers kon nie self iemand laat kruisig nie.
- ✓ Waarom is daar so 'n drastiese verskil tussen Petrus en Judas se optrede nadat hulle Jesus verraai / verloën het? Petrus se berou lei tot 'n nuwe ingesteldheid op die koninkryk. Ken jy mense wat hulle lewe drasties omgekeer het en nou dissipels van Jesus is? Gaan gesels met hulle en vra hulle wat dit vir hulle beteken om dissipels te wees.

### *Donderdag - Luister weer na God se Woord*

Lees ***Matteus 27: 1,2 , 11-31.*** Lees ook ***Jesaja 50: 4-5*** en oordink dit in gebed.

- ✓ Die Jode wil Jesus nou van hoogverraad aankla, sodat Pilatus, die Romeinse goewerneur, Hom (ook) skuldig sal bevind. Juis daarom vra Pilatus 'n polities gelaaide vraag: of Hy die koning van die Jode is.
- ✓ Wanneer ons Jesus se antwoord lees, hoor ons dat Hy die Messias is; die gestuurde, die koning, die Seun van die mens. Ons sien verder dat die aardse koninkryk en die Hemelse Koninkryk hier teen mekaar afgespeel word, ook wanneer Pilatus die skare laat kies tussen Jesus Barabbas of Jesus wat hulle Christus noem. Jesus word weer onregverdig veroordeel en verraai.
- ✓ Lees weer vers 27-31. Ons kan ons hierdie wreedheid nie indink nie. Maak dit jou hartseer om dit te lees? Of dankbaar?
- ✓ Die soldate bespot Jesus as "koning" terwyl Hy werklik die Koning is! Is Jesus werklik Koning in jou lewe? Op watter manier?
- ✓ Lees ***Psalm 31: 5-6*** as gebed.

### *Goeie Vrydag - Fokus op wat God nou doen*

Lees ***Matteus 27: 32-66.*** Lees ook ***Jesaja 50: 4-5*** en oordink dit in gebed.

- ✓ Wat van hierdie verhaal het jou vandag (of tydens hierdie Lydenstyd) opnuut bygeval of uitgestaan? Oordink dit 'n paar minute in gebed.
- ✓ Vers 32 vertel van Simon van Sirene wat Jesus se kruis na Golgota dra. Die beklemtoning daarvan dat hy van Sirene (vandag Libië) kom, dui reeds op die sending na die heidene. Wat vertel dit vir ons omtrent God se sending?
- ✓ Wat beteken dit vir ons as sê dat ons ons kruis moet optel en Christus volg?
- ✓ Vandag is 'n rustige dag. Neem tyd om weer die hele verhaal van Christus se kruisiging te lees. Dink na oor wat God in hierdie wêreld doen en veral gedoen het toe Hy sy enigste Seun aan die kruis laat sterf het.

### *Stil Saterdag - Antwoord met jou lewe*

Lees ***Filippense 2: 5-11.*** Lees ook ***Jesaja 50: 4-5*** en oordink dit in gebed.

- ✓ Die kruisiging van Christus beteken dat ons gered is en dat ons genade ontvang het. Ons hoef niks te doen om hierdie genade te verdien nie.
- ✓ Die dankbaarheid wat in ons heers vir hierdie genade is egter so groot, dat ons nie anders kan as om goeie dinge in hierdie wêreld te wil doen nie.
- ✓ Hoe sê vers 5 kan ons dit regkry om dankbaar te leef? Vers 7 sê dat Christus die gestalte van 'n slaaf aangeneem het. Hoe sal jy hierdie gesindheid van Christus in jou lewe kan waar maak? Spandeer tyd om met God te gesels oor hierdie teks en oor jou lewe. Vra vir God waar jy as 'n slaaf kan gaan dien om Christus se liefde sigbaar te maak.

# Familie Tuisblad

**5 - 11 April 2020**

in samewerking met NG Gemeente Rustenburg-Suid en nous.org.za

**Fokus vers**

**Matteus 27: 31b**
Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig.

**TEMA van die week**

Jesus ly vir ons…

**BYBEL tyd**

**So:** Matteus 26: 14 - 27: 46
**Ma - Di:** Psalm 31: 9-16
**Wo - Do:** Filippense 2: 5-11
**Vr - Sa:** Jesaja 50: 4-9a

**BID tyd**

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Dankie dat U vir ons lewe gee, ook deur hierdie kos. Amen.

**Oorgee-gebed**
Laat my lewe wys dat ek U volg, sonder om dit weg te steek vir ander. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jy vandag daar wees vir ander wat dalk swaarkry.

**GESELS tyd**

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Tekste** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?
**Raakvat vra:**

- Tel hoeveel mense se name word in hierdie gedeelte genoem. Maak 'n lysie van almal se name, en kyk of julle elkeen se rol in die verhaal in een sin kan opnoem.
- Kyk of julle die verhaal kan oorvertel vanuit Judas Iskariot se oogpunt. Vertel wat jy waar gevoel en gedink het.
- Watter gedeelte in hierdie verhaal raak jou die meeste vandag? Hoe so?
- Vertel wat Jesus se swaarkry vir jou beteken.

**SPEEL tyd**

Ons spandeer kwaliteit-tyd saam

Gebruik skoon roomysstokkies, of iets soortgelyk, om kruisies te maak. Verf die kruisies rooi en sit hulle teen julle voordeur op. Julle kan dalk ook ekstra maak en vir mense gee met 'n spesiale boodskap.

**DOEN tyd**

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Stuur vir iemand wat jy nie ken nie, 'n paaseier. Neem ook een van julle rooi kruisies saam, en vertel hoekom jy dit saam met die eier gee. Maak seker jy onthou die persoon se naam.

**LEEF tyd**

Ons leef ons geloof heelweek uit

Plaas 'n spesiale wit handdoekie by die wasbak in die badkamer. Elke keer as jy jou hande gewas het en met die gewone handdoek afgedroog het, vee jy ook jou hande met die wit handdoek af en sê: "*Jesus het my skoongewas*."

**5 - 11 April 2020**
**Bybelstudie: *Esegiël 37: 1 - 14***
Volgende week: *Johannes 20: 1 - 18*

**Matteus 27: 32-46**

[32]Toe hulle uitgaan, kry hulle ’n man van Sirene met die naam Simon, en hulle het hom
gekommandeer om Jesus se kruis te dra. [33]Hulle kom toe by ’n plek wat Golgota
genoem word; dit beteken Kopbeenplek. [34]Daar het hulle Hom ’n mengsel van wyn en
gal gegee om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie. [35]Hulle het Hom
gekruisig en sy klere verdeel deur te loot. [36]Daarna het hulle gaan sit en by Hom wag
gehou. [37]Bokant sy kop het hulle die aanklag teen Hom in skrif aangegee: “Dit is Jesus,
die koning van die Jode.” [38]Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een
regs en die ander een links van Hom. [39]Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus
gelaster. Hulle het die kop geskud [40]en gesê: “Jy wat die tempel afbreek en in drie dae
opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af!” [41]Net so het die
priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê:
[42]”Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van
Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo. [43]Hy het op God vertrou;
laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun
van God!”

[44]Op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook
beledig.[45]Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot
drie-uur geduur. [46]Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtani?”
Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

Die teks wat vir die week voorgeskryf is strek vanaf Judas se finale besluit om Jesus te verraai in 26: 14 tot die dood van Jesus. Vanweë die lengte daarvan word hier net op die kruisiging en die dood van Jesus gefokus.

## Die kruisiging

Jesus is laat die Vrydagoggend gekruisig en was teen drie uur die middag reeds dood. In die tyd wat dit Hom gevat het om te sterf (van 12: 00 tot 15: 00) het daar ’n groot duisternis oor die land gekom.

● Sedert Jesus se antwoord aan Pilatus in 27: 11 het Hy nie weer ’n woord gesê nie. Nou roep Jesus die woorde van Ps 22: 1 uit ten einde sy smart oor sy verlies van gemeenskap met sy Vader te verwoord. Die Godsverduistering wat Jesus ervaar het, is dié geheim van die Evangelie. Hoe kan God van God verlate wees? Jesus moes egter sterf sodat sy bloed as losprys vir baie uitgegiet kan word sodat hulle van hul sonde losgekoop kan word (Matteus 1: 21; 20: 28; 26: 28).

● Die uitroep van Ps. 22: 1 (vers 2 in die LXX) is betekenisvol. Ps 22 handel oor ’n gelowige wat by God kla oor die slegte behandeling wat hy by sy vyande kry. Die gelowige beleef dat God nie sy verbondsverpligting nakom om hom teen hulle te beskerm nie. Só is Jesus dan ook deur sy volksgenote oorgegee om gekruisig te word. Ondanks sy ervaring van Godverlatenheid het Jesus, soos die digter in Ps 22, steeds aan God vashou. Waar Jesus egter tot nou toe in Matteus vir God as “Vader” in sy gebede aangespreek het (11: 25, 26; 26: 39, 42) roep Hy hier tot “my God”. Selfs in Getsémané kon Hy nog sy Vader se teenwoordigheid voel. Nou was daar niks daarvan gewees nie. Jesus het egter kontak met sy Vader verloor, maar nie sy geloof in Hom nie (vandaar sy roep na “my God”).

● Jesus het Aramees gepraat, en sy aanroep van God (*Eloï*) het vir party mense om die kruis geklink asof Hy vir Elia *roep.* Die feit dat Elia in die hemel opgeneem is sonder om te sterf (2 Kon 2: 11), het 'n volksgeloof onder die Jode laat ontstaan dat iemand wat in nood is, na Elia om hulp kon roep. Die Joodse omstanders by die kruis wou daarom sien of Elia sou kom om vir Jesus van die kruis af te haal. Jesus moet dus so lank moontlik aan die lewe gehou word. Op grond van Maleagi 4: 5 was daar ook die verwagting dat Elia weer voor die koms van die Messias sou terugkeer om vir Hom die weg voor te berei. Jesus se roep "Eli…" is daarom deur sommige verstaan as 'n desperate roep tot "Elia" om terug te keer voordat Hy sterf. Selfs met sy laaste kragte moet Jesus hoor hoe die volk sy roep tot God misverstaan.

● Die oorgee van Jesus se gees is waarskynlik 'n idiomatiese verwysing na om te sterf (vers 50). Jesus se dood word onmiddellik deur verskeie gebeure gevolg wat die finale eskatologiese gebeure antisipeer. Hulle dui op God wat in beweging kom – Hy skeur die voorhangsel en rotse (dieselfde werkwoord kom in die Grieks voor). Die ongewone duisternis (vers 45), die aarde wat skud, rotse wat oopbreek en mense wat opstaan uit hul grafte (vers 52–53), sluit aan by hoe die Joodse apokaliptiek die eindtyd beskryf het. Met Jesus se dood het daar dus nou 'n dramatiese wending in die heilsgeskiedenis plaasgevind.

Daar kom ook 'n onverwagte en onverklaarbare duisternis[1] oor die land op die tyd van die dag wat die son gewoonlik die helderste skyn. Die duisternis dui simbolies op God se ontevredenheid oor wat gebeur het en antisipeer sy komende oordeel[2] Jesus se laaste woorde word dus in die duisternis gesê.

Die voorhangsel van die tempel skeur van bo na onder. Die voorhangsel het die allerheiligste van die heiligdom geskei. Die skeur daarvan van bo na onder wys dat die ou Tempel-bedeling finaal verby was. Die tempel sou nie meer die sentrale plek van die aanbidding van God wees nie. Almal – en nie net die hoëpriester een maal 'n jaar nie - het nou deur Christus se dood vrye toegang tot God (Hebr. 9: 3, 12; 10: 19–20).

Daar is verder 'n aardbewing en mense verlaat hulle grafte (vers 51b-55). Baie (Ou-Testamentiese?) gelowiges wat dood was, word opgewek en verskyn in Jerusalem aan talle mense (vers 52–53). Matteus vermeld nie of die mini opstanding van die dooies soos Lasarus s'n was nie (met die gevolg dat hulle weer gesterf het nie) of soos Jesus s'n (met die gevolg dat hulle ook in die hemel opgeneem is soos Elia en Henog) nie. Die visioen in Esegiël 37: 1–14 van 'n hele vlakte doodsbeendere wat herleef, gaan nou letterlik in vervulling (in Esegiël was dit 'n beeld vir die nasionale herstel van Israel).

● Die proto-eskatologiese gebeure lei die Romeinse soldate om angsbevange te bely dat Jesus waarlik die Seun van God was (vers 54). Hulle is nie alleen bang oor die aardbewings en die onverwate duisternis nie – hulle is ook vreesbevange oor Jesus se ware identiteit. Die belydenis van die soldaat sluit aan by die tema van die heidensending in Matteus (sien 1: 3, 5-6; 8: 10-12; 10: 18; 15: 21-28; 24: 14 en 28: 18-20).
Dié belydenis is die klimaks van Matteus. God het Jesus reeds twee maal sy seun genoem (3: 17; 17: 5). Demone het Hom as sodanig herken (4: 3, 6; 8: 39) en Jesus

---

[1] 'n Sonverduistering kan nie tydens 'n volmaan periode soos met Paasfees plaasvind nie.
[2] Amos 8: 9 - 10 – "*Daardie dag, sê die Here my God, laat Ek die son helder oordag ondergaan, maak Ek dit donker op aarde terwyl dit nog ligdag is;* [10]*Ek verander julle feeste in treurgeleenthede, julle liedere in klaagsange; Ek trek vir julle rouklere aan en skeer al julle koppe kaal; Ek laat dit word soos wanneer 'n mens oor 'n enigste kind treur, julle uiteinde sal vir julle 'n bitter dag wees*."

het Homself so bekendgemaak (11: 25-27) en die dissipels het dit in nood bely (14: 33). Petrus het dit ook namens hulle bely as antwoord op Jesus se vraag wie hulle sê Hy is (16: 16). **Hierdie is egter die eerste belydenis van Jesus as Seun van God deur 'n persoon buite die dissipelkring van Jesus**. Die klag waarop Jesus aangekla was (26: 63) en voor gespot is (27: 40, 43) was dus vals gewees. Hy was waarlik die Seun van God gewees. Só staan die soldate se belydenis in skrille kontras met die spot van die verbygangers in vers 40 en 43 van Jesus rakende sy aanspraak om die Seun van God te wees.

● Jesus se dood is vanaf 'n afstand deur die baie vroue wat Hom sedert Galilea gevolg het waargeneem (vers 55). Die teenwoordigheid van die groot groep vroue vorm 'n sterk kontras met die afwesigheid van die manlike dissipels. Matteus beklemtoon spesifiek in die Grieks dat hulle *daar* is.

Drie van die vroue se name word genoem. Min mense het in die Matteusevangelie name en daarom is die wat benoem word belangrik.

Die eerste **Maria** was van Magdala – 'n dorp aan die westekant van die See van Galilea. Jesus het sewe duiwels uit haar uitgedrywe (Luk. 8: 2).

Die ander **Maria** word geïdentifiseer na aanleiding van haar seuns – wat ongewoon is. Moontlik was hulle welbekend in Matteus se gemeenskap.

**Salome** was die vrou van Sebedeüs (Matteus 27: 56) en die ma van Jakobus en Johannes.

Die eerste **twee vrouens** was teenwoordig by Jesus se dood en begrafnis (vers 47), en die daaropvolgende Sondag het hulle na die graf toe gegaan (28: 1). Hulle is vervolgens die enigste mense in die geskiedenis wat die ganse vroeë Christen belydenis van 1 Kor. 15: 3-5 (oor die dood, begrafnis, opstandig [leë graf] en verskynings van die Opgestane Jesus) persoonlik beleef het.

**Bronnelys**

Combrink, HJB. **Die Evangelie volgens Matteus**.
Davies, W D & D C Allison. **Matthew.** (Shorter Commentary).
France, RT. The Gospel according to Matthew. (NICNT)
Hagner, D. A. **Matthew 14-28**. (WBC).
Nolland, J. **The Gospel of Matthew**. (NIGTC).
Turner, D L. **Matthew**. (ECNT).
Bybellenium
Bybel in Praktyk

Jesus Leef en ons met Hom

**5 - 11 April 2020**
**Jesus se Lydenspad.**
**Matteus 26: 14 - 27: 46**

## 1. Kontak met mekaar
Aankoms, verwelkoming *en verversings*.

**Ysbreker**

Vertel van 'n keer toe jy swaar gekry het. Wat het jy daaruit geleer?

## 2. Kontak met God
Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Filippense 2: 5-11** as 'n gebed.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings van die afgelope week. Dank God daarvoor.

## 3. Kontak met die Woord
Bid dat die Gees die teks vir julle sal oopbreek. Lees dan **die week se teksgedeelte.**

Noem die dinge in die teks wat jou aangespreek of laat wonder het.

**Gesels oor die volgende:**

- Bekyk die verhaal vanuit Judas se oogpunt. Hoekom het hy Jesus verraai?
    - Hoe moes hy voel toe Jesus hom uitwys as verraaier?
    - En toe hy besef het wat hy gedoen het?
    - Wat het hom tot selfdood gedryf?
        - Is daar vergifnis vir hom?
    - Wat kan ons leer uit sy verhaal?
- Petrus verloën vir Jesus, maar hy word later ook die rots waarop God Sy kerk sou bou.
    - Wat leer ons hieruit?
- Wat leer julle oor julle gebedslewe by Jesus se gebed in Getsémané?
- Hoekom dink julle het Jesus nie sy onregverdige verhoor gebruik om dinge reg te stel en die ware feite uit te lig nie?
- Lees weer **Matteus 27: 46**. Wat sal jy vir iemand sê wat voel asof God hulle verlaat het?

## 4. Bedien mekaar:
Deel gebedsversoeke en skryf dit in julle gebedsdagboeke en bid in die week daarvoor. Onthou om ook gebedsverhoring en Godservarings neer te skryf.

Dra die gebedsversoeke aan God op. Sluit af met gesamentlike gebed.

**Vir die begeleier:**

Matteus berig redelik breedvoerig oor Jesus se laaste vyf dae voor sy kruisiging in Jerusalem. Die Maandag voor sy kruisiging op Paasvrydag beskryf Matteus sy intog in die Dawidstad. Hy ry op die rug van 'n jong donkie, simbolies van sy nederigheid as die lydende Messias. In dieselfde asem is hierdie gebeure die vervulling van die profesie van Jes. 62: 11 en Sag. 9: 9. Hierna gaan Jesus na die tempel toe waar Hy die tafels van die geldwisselaars omgegooi en die tempel gereinig het. Die Dinsdag spreek Jesus die skynheiligheid van die godsdienstiges aan. Die Woensdag was die dag toe Judas Iskariot die Here Jesus verraai het en gekonkel het met die vyand om Jesus dood te maak. Dit was ook op hierdie dag dat 'n vrou Jesus met baie duur olie gesalf het. Die Donderdag berei Jesus se dissipels die paasmaaltyd voor en stel Hy die nagmaal in. Hierna gaan bid Jesus in die tuin van Getsémané. Daardie nag kies Jesus om die lydensweg enduit te loop. Hy kies om die lydensbeker te ledig. Kort hierna word Jesus gevange geneem en in die vroeë oggendure van Vrydag ter dood veroordeel.

# 3 is GENOEG

’n saam-glo dissipelskap gesprek

**Biduur: 5 - 11 April 2020**

**3** STAPPE

’n 3iG - groep is ’n saam - glo groep wat deur bid, groei en dien Jesus dieper volg. Drie mense wat kies om saam te bid, saam te luister en saam ons geloof te leef.

**2** ANDER

Dit is slegs ek en 2 vriende wat ’n spontane groep vorm. Dit kan egter ook uit meer as drie mense wees: ons familie of vriende of kollegas of mense in die gemeente.

**1** GESPREK

Ons maak weekliks met mekaar kontak (deur ’n koffie - afspraak of telefonies) rondom die gefokusde saam - gesels van die week. Die leier - wat elke week wissel - sorg dat ons mekaar daardie week sien.

## saam B.I.D

Ons vind nie tyd vir gebed nie, ons maak dit.

**B. I. D. staan vir**:
**B**: Bely teenoor God Wie Hy vir jou is én bely ook jou gesukkel vir Hom.
**I**: Intree vir ander ( bv. Jou 3iG - lede, jou familie, wêreld, ens. ).
**D**: dankie - sê, maak daagliks jou dankie - lys en dank God daarvoor.
LEWENS - LEUSE: Bely ook elke oggend en aand **1 Kor. 9: 23** se waarheid: “Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.”

## saam GROEI

Ons lees nie die Bybel nie, ons laat die Bybel ons lees.

Matteus berig redelik breedvoerig oor Jesus se laaste vyf dae voor sy kruisiging in Jerusalem. Die Maandag voor sy kruisiging op Paasvrydag beskryf Matteus sy intog in die Dawidstad. Hy ry op die rug van ’n jong donkie, simbolies van sy nederigheid as die lydende Messias. In dieselfde asem is hierdie gebeure die vervulling van die profesie van Jes. 62: 11 en Sag. 9: 9. Hierna gaan Jesus na die tempel toe waar Hy die tafels van die geldwisselaars omgegooi en die tempel gereinig het. Die Dinsdag spreek Jesus die skynheiligheid van die godsdienstiges aan. Die Woensdag was die dag toe Judas Iskariot die Here Jesus verraai het en gekonkel het met die vyand om Jesus dood te maak. Dit was ook op hierdie dag dat ’n vrou Jesus met baie duur olie gesalf het. Die Donderdag berei Jesus se dissipels die paasmaaltyd voor en stel Hy die nagmaal in. Hierna gaan bid Jesus in die tuin van Getsémané. Daardie nag kies Jesus om die lydensweg enduit te loop. Hy kies om die lydensbeker te ledig. Kort hierna word Jesus gevange geneem en in die vroeë oggendure van Vrydag ter dood veroordeel. Lees **Matteus 21: 1 - 11.**

## saam GESELS

Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation.)

1. Vertel vir mekaar waarom die gebeure wat elke jaar tydens Paasnaweek herdenk word, die hoogtepunt op ons geloofskalender behoort te wees. Deel met mekaar hoe julle vanjaar hierdie gebeure gaan herdenk, veral in die lig van die fisieke afsondering - maatreël weens die corona - virus. 2. Die Heer-skap van Christus is opvallend in hierdie gedeelte. Jesus is die Koning wat oor alles beskik en wat die inisiatief neem hier by sy intog in Jerusalem. Wys vir mekaar dit uit en gesels dan verder oor die betekenis daarvan vir julle as Jesus - navolgers. 3. Verse 4 - 5 is van deurslaggewende belang in hierdie verhaal. Soos in die hele Matteus - evangelie is vervullingsaanhalings uit die Ou Testament met spesifieke verwysing na Jesus deurlopend aanwesig. Kyk na die geboorteverhaal byvoorbeeld. Wat wil hierdie waarheid vir ons oor Jesus sê? Wat vertel die aanhaling vir ons van die styl en aard van Jesus as Messias? Iemand skryf: “*The mission of Jesus takes place on earth in lowliness and weakness. His life is not a life at court.*” Dink na oor die implikasies hiervan vir sy volgelinge. 4. Gesels oor maniere waarop ons ook openlik kan verklaar dat Jesus Christus die Messias en Verlosser van die wêreld is soos hier gebeur. 5. Jesus se intog gee vir ons die besliste aanduiding dat Hy nie ’n gewelddadige of politieke Messias is nie; ook nie ’n Messias wat nasionalistiese strewes wil verwesenlik nie. Jesus is ’n nederige, sagmoedige Messias. Hy is die Messias in volkome nederigheid. Lees ook Matteus 11: 29 hiermee saam en verwoord hoe Jesus - navolgers hieraan gestalte kan gee in ons dag.

## saam STAP

Eers vorm ons gewoontes en dan vorm die gewoontes ons.

Geloofsgewoonte: **Om ons daarin te oefen om bewus van God te leef.** Met hierdie geloofsgewoonte leer ons om die stem, leiding en teenwoordigheid van God in ons alledaagse lewe raak te sien. Hierdie gewoonte skep ’n dieper bewussyn van God se wil vir ons lewe. Lees hieroor Fil. 1: 9 - 10 en Kol. 1: 9.

**Doen - dinge**:

1. Neem aan die einde van elke dag, die dag in oënskou. Dink terug aan oomblikke waar jy liefde ontvang of gegee het. Waar was jy bewus van die Here se teenwoordigheid?
2. Reflekteer oor die hoogte - en laagtepunte van die dag. Hoe nooi die Here jou om te bid oor die hoogte - en laagtepunte voordat jy aan die slaap raak?
3. Steek ’n kers aan en raak bewus van die Here se teenwoordigheid. Plaas jou hand op jou hart en vra die Heilige Gees om daardie oomblik van die dag waarvoor jy die dankbaarste is vir jou uit te wys. Sê dan vir die Here dankie daarvoor.

**Dink - dinge**:

1. Hoe sien jy gewoonlik God se teenwoordigheid raak? Hoe reageer jy op sy teenwoordigheid?
2. Wat het die Here die afgelope ses maande in jou lewe gedoen?
3. Dink aan die vrug van die Gees. Waar, dink jy, wil die Here dit gebruik om sy teenwoordigheid vir ander deur jou te wys?

**Kleuterkerk**:
**5 - 11 April 2020**
Jesus weet alles!
**Matteus 26: 14 - 27: 46**

Deel van die sukses van Kleuterkerk is die veiligheid van roetine vir die kleintjies. Veral as die leidsters elke week wissel. Die veiligheid lê vir hul dan in die bekendheid van die roetine. Daarom hou ons elke Sondag dieselfde aankoms aktiwiteite naamlik: vryspel stasies.

Daar is drie kiste met speelgoed in naamlik klei kis, Lego's kis en legkaart kis. Die Lego kan op die mat uitgegooi word en die Klei en drukkertjies en die Legkaarte word by die tafeltjies gespeel.

Vir kleuters is hulle name ook baie belangrik. Sorg dat die skoenboks met die naamkaartjies voor by die deur is. Daar is vir elke kind naamkaartjie met hulle ouers se selfoonnommers op. Speld of knip dit vir elke kind vas soos hy of sy kom en merk ook hulle name op die register af.

**Voorbereiding:**
Neem saam:
Maak 'n afskrif van die hoenderhaan prent vir elkeen van die kinders. Indien moontlik, neem vere saam om op die prent vas te plak, of anders net inkleurkryte om die prent in te kleur. Onthou ook om drie geskenkpakkies voor te berei soos gebruik gaan word in Lestyd.

**Uitpak & Vryspel**
Sorg dat jy 20 minute voor die tyd daar is en pak die drie stasies vir vryspel uit. Sorg ook dat die skoenboks met die name en die bywoning register en pen gereed is. Laat die ouers die kind se naam op die register skryf.

Ontvang die kinders by die deur, speld hulle naamkaartjies aan en lei hulle na die stasies toe vir vryspel.

**Regmaak & Draailoop**
Laat die kinders die stasies waar hulle tans speel oppak, en neem die kinders wat wil, om draaitjie te gaan maak in die badkamer.

Laat die kleuters op die mat gaan sit. Jy as leidster kan op stoeltjie voor hulle gaan sit. Om seker te maak almal bly stil, laat hulle kruisbene sit met hulle handjies in hulle mandjies (in hul skote).

**Die volgende roetine word voor gestel:**

- Bywoningsregister.
  Om vir die kleuters erkenning te gee dat hulle gekom het, kan hulle plakkertjie plak op die betrokke plek op die bywoning trein. LW dis nie trein met datums op wat vir jou sal uitwys watter Sondae jy nie daar was nie. Dis doodeenvoudig net 'n trein met trokke waarop die kinders se name staan en hulle geleentheid kan kry om 'n plakker te plak in sy/haar trokkie waarop hul name aangebring is.
- Verjaarsdag gelukwensing (sing en ontvang kroon met ballon).
  Indien iemand verjaar het gedurende die week of vakansie, sing almal vir hom/haar "Geluk liewe maatjie" en hy/sy ontvang verjaarsdag kroon (voorsien) en ballon(voorsien).
- Kollekte - Een van die maatjies neem die geld op in mandjie.
- Hersieningsmoment.

Vra die kinders uit oor wat hulle van die vorige Sondag se kleuterkerkles kan onthou.

**Bidtyd:** Openingsgebed.
Vra een van die kinders om te open met gebed

**Geselstyd:**

Sit die drie geskenk sakkies voor die kinders neer. In watter een dink julle is daar 'n rol toiletpapier? Laat die kinders raai. In watter een is daar seep? En in watter een is daar klippe? Hoekom sê julle so? En wat as ek vir julle sê dit is nie waar nie? Sal julle my glo? Wat as ek sê die seep is in die eerste sakkie? Sal jy my glo. Jy moet my glo want ek het die geskenkies opgemaak so ek weet wat in elke sakkie is. As jy iets gemaak het weet jy mos wat daar binne in is, want jy het dit self gemaak, niemand anders nie.

Het dit al gebeur dat jy dalk iets verkeerd gedoen het, soos mamma het dalk gevra jy moet die badskuim se prop opdraai en toe gooi jy alles in die bad en tap sommer net weer water in die bottel dat sy nie moet sien dat jy al die skuim ingegooi het nie, maar wanneer sy in die badkamer kom, dan sien sy die badskuim is so baie, dit loop oor die bad se rand en dan weet sy jy het al die skuim in die bad gegooi. Jy kan dit nie vir haar wegsteek nie. Of mamma sê jy moet jou kossies by die tafel eet want anders mors jy en dan luister jy nie vir mamma nie, en gaan eet voor die televisie en dan val die chippie met die tamatiesous uit jou bord en op die bank en al vee jy dit met die servet af, dan bly die rooi kol van die tamatiesous steeds op die bank agter, en dan weet jy mamma het gesê jy moet nie voor die televisie eet nie, maar jy het nie geluister nie en dan is jy jammer.

Ons maak almal foute. Die verskil kom in of ons jammer sê as ons iets verkeerd gedoen het, of nie. Wat het jy al gedoen wat jy probeer wegsteek het, en dan vang mamma jou tog uit? Dalk het op die muur geskryf? Of die koekies opgeëet? (Noem nog voorbeelde)

**Singtyd:**
(Die liedere is net voorstelle, indien iets anders meer bekend is kan dit ook gesing word.)
Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

**Liedboek: Lied 541 Ons bring aan U Heer Jesus**
Ons bring aan U Heer Jesus,
ons lof en dank en eer
Ons wil U met ons lewe,
terwyl ons jonk is eer
Beheer ons harte en lewe,
o Here deur U Gees
Laat al ons doen en late,
vir U 'n vreugde wees.

**Liedjie: My God is so groot**
My God is so groot, so sterk en so magtig
Daar's niks wat my God nie kan doen
My God is so groot, so sterk en so magtig
Daar's niks wat my God nie kan doen
Die berge maak Hy, die riviere daarby
Die see en alles daar in
My God is so groot, so sterk en so magtig
Daar's niks wat my God nie kan doen.

**Bybeltyd:**
Jesus is God se Seun wat aarde toe gekom het om mense van God se liefde te kom leer. Al was Hy mens, was Hy sonder sonde, want Hy was ook God. Hy het ook alles geweet. Hy het geweet wat mense dink en wat hulle gaan doen nog voor hulle iets doen. En so het Hy ook geweet dat Hy deel was van God se plan om mense te red.

Terwyl Hy op aarde was, het Hy soms vir die mense om Hom van die geheime van God geleer. Hy het ook vir hulle gesê wat gaan gebeur, maar hulle wou Hom nie glo nie. Eers later het hulle besef dat Hy die waarheid gepraat het en regtig alles geweet het.

Jesus het geweet dat Hy gekruisig gaan word, en dat dit deel van God se plan uitmaak. Hy het geweet dat die tyd wat voorlê nie lekker gaan wees nie, maar Hy het steeds gehoorsaam gebly. Terwyl Hy saam met die Dissipels, Sy goeie vriende nagmaal gehou het, het Hy gesê dat een van hulle Hom gaan verraai. Hy het geweet dit sou Judas wees.

Hy het ook vir hulle vertel dat Hy een van die dae moet doodgaan, maar dat Hy weer na hulle toe sal terugkom. Hulle het nie verstaan dat Jesus gekruisig moes word en dat Hy weer na 3 dae sou opstaan nie. Ons weet dit want ons lees dit in die Bybel, maar hulle het dit nog nie geweet nie.

Jesus weet alles. Hy het alles en almal gemaak en het geweet dat die mense Hom een van die dae sou vang en laat doodmaak. Hy het ook geweet dat dit vir die dissipels baie sleg sou wees en dat hulle dalk bang en alleen sou voel en nie weet wat om te doen nie.

*Lees vir die kinders voor uit Matteus 26: 20-25 en Matteus 26: 47-49*
Jesus het ook geweet dat Petrus Hom sal verloën en maak of hy nie vir Jesus ken, wanneer dinge bietjie moeilik raak nie. Ons lees dit ook hier in die Bybel.

*Lees vir die kinders voor uit Matteus 26: 31-35 en Matteus 26: 69-74*
Jesus het ook geweet dat Hy aan die kruis sal doodgaan, maar dat Hy na 3 dae weer sal opstaan en die dood oorwin. En dit leer ons ook in die Bybel.

*Lees vir die kinders voor uit Matteus 27: 62 - Matteus 28: 10*
Ons sien in al die gedeeltes dat Jesus presies weet wat mense dink, maar Hy weet ook wat gaan gebeur. Jesus het belowe toe Hy opgevaar het Hemel toe, dat Hy gaan om vir ons plek te gaan gereed maak en dan gaan Hy ons kom haal. As ons oral in die Bybel sien dat alles gebeur presies soos Jesus gesê het, dan kan ons Hom glo. Hy weet alles, ken alles en is die waarheid. Jesus leer ons ook dat God ons baie liefhet. Wil jy nie vir Jesus aanneem en in jou hartjie innooi nie? Jesus het jou ook lief:

*Lees vir die kinders die tekste voor uit die Bybel.*
Joh.3: 16 leer ons hoe lief Hy ons het.
Ps.139: 1-2 sê dat Jesus alles van ons af weet. Ons kan niks vir Hom wegsteek nie. Hy wil graag in ons lewe bly.

Jesus het ook vir Petrus gemaak en Hy het geweet dat Petrus sou bang word en dan maak of Hy nie vir Jesus ken nie. Verloën beteken om te maak of jy iemand nie ken nie, iets nie gedoen het nie. Jy maak of dit nie jy was nie, en eintlik weet jy goed dit is jy.

Jesus was nie kwaad vir Petrus nie, Hy het net geweet dat Petrus bang sal raak en dan maak of hy nie vir Jesus geken het nie. Jesus wou vir Petrus net sê dat Hy reeds alles weet wat vir Hom voorlê en wat daardie nag gaan gebeur. En toe gebeur dit ook so. Kom ons lees nou ***Matteus 26: 69-74***

Alles het gebeur soos Jesus gesê het dit sal gebeur. Daardie nag is Jesus gevang en toe is hy daarna gekruisig. Maar Jesus het nie net geweet dat Hy gaan doodgaan nie, Hy het ook geweet dat Hy weer gaan opstaan en terug sal kom na sy dissipels toe. En toe dit later gebeur kon Petrus ook vir Jesus jammer sê dat hy vir Jesus verloën het.


Ek en jy kan ook niks vir Jesus wegsteek nie, Hy weet alles. Daarom moet ek en jy ook vir Jesus vra om ons te vergewe as ons iets verkeerd gedoen het. Ons kan dit maar vir Jesus noem, want Hy weet dit reeds. Hy is vir ons so lief dat Hy ook vir jou en my sondes aan die kruis doodgegaan het. Dit gee ons nie die reg om nou net aan te hou met sonde nie, nee, ons moet probeer om nie sonde te doen nie, maar as ons besef ons was verkeerd, dan moet ons jammer sê vir Jesus en Hy sal ons vergewe.

**Doentyd & Leertyd:**

Laat die kinders die prent van die hoenderhaan inkleur.  As julle vere in die hande kry, kan julle ook vere met Pritt op die hoenderhaan vasplak.

Moedig die kinders aan om vir mamma en pappa gaan vertel wat hulle vandag geleer het.

**Afsluitings gebed**
Dankie Jesus dat U vir ons lief is en dankie dat U alles van my weet.  Vergewe asseblief al my sondes.
**Amen.**



**Junior Kategese**
**5 - 11 April 2020**
**Matteus 21: 1-11**

**Agtergrond:**

- Jesus is die Koning van konings, al daag Hy op 'n donkie op om gekruisig te word. Hy is vandag nog ons Koning.

**Ysbreker (Hier en Nou)**

- Ons sien dat presidente en heersers almal verskillende planne maak in hierdie tyd van die Corona-virus. Wat verwag mens van 'n goeie leier in hierdie tyd?
- Wat sal gebeur as ons dink die wêreld se toekoms is net in mense se hande, sonder God?
- Wat sal gebeur as alle leiers ander mense dien?

**Moontlike AKTIWITEIT**

Kry 'n boom of struik in die tuin met mooi blare. Kies ook 'n mooi kleurvolle lap. Versier 'n area in julle huis met die blare in 'n vaas, saam met die lap. Herinner mekaar dat Jesus nie net Jerusalem ingekom het nie, maar ook in julle huis. Die blare en die lap laat ons dink aan die takke en kledingstukke wat die mense in die pad gestrooi het.

**Wat sê die Bybel? (Daar en Dan)**

Neem 'n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 118: 1-2, 19-29** as 'n gebed.

**Dink hieroor na:**

- Daar is geen einde aan God se liefde nie.
- Kan jy dink aan kere wat jy dit ervaar het of raakgesien het?
- Maak 'n lys van dinge waarvoor jy vandag dankbaar is.

Lees **die fokus teks**

Toe hulle naby Jerusalem kom en Betfage aan die Olyfberg bereik, het Jesus twee dissipels
vooruit gestuur [2]en vir hulle gesê: "Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom,
sal julle daar 'n donkie kry wat vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir
My. [3]En as iemand vir julle iets daaroor sê, antwoord dan: Die Here het hulle nodig, en Hy sal
hulle gou weer terugstuur."
[4]Dit het gebeur sodat die uitspraak van die profeet vervul sou word:
[5]"Sê vir Sion:
Kyk, jou Koning kom na jou toe;
Hy is nederig en Hy ry
op 'n donkie,
op die vul van 'n pakdier." [n]
[6]Die twee dissipels het toe vooruit gegaan en gedoen wat Jesus hulle beveel het. [7]Hulle het die
donkie en die vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het opgeklim. [8]Die grootste
deel van die skare het van hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takkies van die bome
afgebreek en dit op die pad gestrooi. [9]Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom
aan gekom het, het begin uitroep:
"Prys die Seun van Dawid!
Loof Hom wat in die Naam van die
Here kom! [o]
Prys Hom in die hoogste hemel!"
[10]Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in beroering gekom en gevra: "Wie is hierdie
man?"
[11]Die skare het geantwoord: "Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea!"

---

[n] Sag. 9: 9. Vgl. Jes. 62: 11
[o] Vgl. Ps. 118: 26

**Inligting vir die begeleier:**
Matteus berig redelik breedvoerig oor Jesus se laaste vyf dae voor sy kruisiging in Jerusalem. Die Maandag voor sy kruisiging op Paasvrydag beskryf Matteus sy intog in die Dawidstad. Hy ry op die rug van 'n jong donkie, simbolies van sy nederigheid as die lydende Messias. In dieselfde asem is hierdie gebeure die vervulling van die profesie van Jes. 62: 11 en Sag. 9: 9. Hierna gaan Jesus na die tempel toe waar Hy die tafels van die geldwisselaars omgegooi en die tempel gereinig het. Die Dinsdag spreek Jesus die skynheiligheid van die godsdienstiges aan. Die Woensdag was die dag toe Judas Iskariot die Here Jesus verraai het en gekonkel het met die vyand om Jesus dood te maak. Dit was ook op hierdie dag dat 'n vrou Jesus met baie duur olie gesalf het. Die Donderdag berei Jesus se dissipels die paasmaaltyd voor en stel Hy die nagmaal in. Hierna gaan bid Jesus in die tuin van Getsémané. Daardie nag kies Jesus om die lydensweg enduit te loop. Hy kies om die lydensbeker te ledig. Kort hierna word Jesus gevange geneem en in die vroeë oggendure van Vrydag ter dood veroordeel.

## Gesels dan hieroor:

- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het. Of enige vrae wat jy nou het.

**Hier (Emosiewiel):**

- Hoekom word Jesus die Seun van Dawid genoem?
- Hoekom ry Jesus op 'n donkie die stad binne, as Hy die Koning van konings is?

Deel vir elke kind sy/haar handpennetjie uit. Vra vir die kinders hoe die teks hulle laat voel het. Gee vir die kinders kans om hulle handpennetjie op die emosie te plaas wat hulle gevoel het. Wanneer almal klaar is kan elke kind verduidelik hoekom hy/sy die spesifieke emosie gekies het.

**Nou:**

- Verbeel jou Jesus kom vandag jou dorp of stad binne. Almal kruip in hulle huise weg vir Corona. Watter voertuig sou Jesus ry?
    - Wat sou sy boodskap wees vir julle?
- Hoe help die verhaal ons om oor Jesus te dink?

Nadat elkeen sy handpennetjie vasgesteek het by verhouding, vra waarom hulle die spesifieke verhouding gekies het.

**Voor:**

- As Jesus altyd en altyd die Koning is, hoe help dit ons vandag tydens "lockdown"?
- Watter goeie nuus het Jesus se intog in Jerusalem (op pad na die kruisiging) vir ons vandag?

Vra vir die kinders (onthou elkeen moet antwoord) wat was die beste en slegste ding wat met hulle gebeur het die week wat verby is.

**Verder en Gebed:**
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Bid vir mekaar om Jesus se Koningskap raak te sien, ook in tye van krisis en nood.

Bid vir ons land se regering, ons gesondheidswerkers, boere en arbeiders, kassiere en motorwagte, alle mense wat tydens groot onsekerheid die res van die land moet dien.

**Senior Kategese**
**5 - 11 April 2020**
**Matteus 21: 1-11**

**Agtergrond (Daar):**

- ✝ Ons gesels vandag oor die voorbeelde wat jongmense vandag volg. Kom ons wees eerlik, dis nie altyd navolgenswaardige voorbeelde nie. Dis egter Palmsondag en die fokus is op die Koning wat Jesus was. Ja, Hy was nederig – maar Hy sê ook vir die skare dat Hy die Koning is. Hy is wel ’n ander tipe Koning. Hy vra nie bloot dat mense Hom dien nie, maar dat ons mekaar sal dien. Sy leierskapstyl behels bv. voetewas.
- ✝ Die skare was so teleurgesteld omdat hulle ’n koning gesoek het wat die Romeinse juk sou afgooi. Jesus het egter die sonde-juk kom afgooi.

**Ysbreker (Hier en Nou)**

- ➢ Gesels bietjie oor bekendes wat julle volg (op Instagram – of enige ander sosiale media platform). Praat bv. oor die gewildste YouTubers of sportpersoonlikhede. Hoekom volg julle hulle? Is hulle voorbeeld iets om na te volg? Hoekom (nie)?

- ➢ Hoekom is mense soos Oprah en Ellen so gewild? Dink julle dis verkeerd om mense te volg?

- ➢ Beskryf hoe ’n persoon optree wat vol is van hom- of haarself. Hoe verskil dit van iemand wat plat op die aarde is? Watter tipe mens dink julle wil Jesus hê moet ons wees? Hoekom dink jy beïnvloed dit ons getuienis in die wêreld?

- ➢ As jy ’n leier in jou skool is, as jy besef jy het ’n invloed op ander, hoe dink jy behoort jy op te tree? Hoe moet dit jou gedrag verander as jy weet jou optrede en gedrag beïnvloed ander?

- ➢ Hoekom word vandag **Palmsondag** genoem? Dis ook die begin van die **Groot Lydensweek**. Gesels bietjie oor wat volgende naweek gevier word.

**Wat sê die Bybel? (Daar en Dan)**

Neem ’n paar oomblikke. Raak stil en rustig. Haal diep asem. Lees **Psalm 118: 1-2, 19-29** as ’n gebed.

**Dink hieroor na:**

- ➢ Daar is geen einde aan God se liefde nie.
- ➢ Kan jy dink aan kere wat jy dit ervaar het of raakgesien het?
- ➢ Maak ’n lys van dinge waarvoor jy vandag dankbaar is.

Lees **die fokus teks**

Toe hulle naby Jerusalem kom en Betfage aan die Olyfberg bereik, het Jesus twee dissipels
vooruit gestuur [2]en vir hulle gesê: “Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom,
sal julle daar ’n donkie kry wat vasgemaak is, en ’n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir
My. [3]En as iemand vir julle iets daaroor sê, antwoord dan: Die Here het hulle nodig, en Hy sal
hulle gou weer terugstuur.”
[4]Dit het gebeur sodat die uitspraak van die profeet vervul sou word:
[5]”Sê vir Sion:
Kyk, jou Koning kom na jou toe;
Hy is nederig en Hy ry
op ’n donkie,
op die vul van ’n pakdier.” [n]
[6]Die twee dissipels het toe vooruit gegaan en gedoen wat Jesus hulle beveel het. [7]Hulle het die
donkie en die vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het opgeklim. [8]Die grootste

[n] Sag. 9: 9. Vgl. Jes. 62: 11

deel van die skare het van hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takkies van die bome afgebreek en dit op die pad gestrooi. 9Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan gekom het, het begin uitroep:
"Prys die Seun van Dawid!
Loof Hom wat in die Naam van die
Here kom! [o]
Prys Hom in die hoogste hemel!"
10Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in beroering gekom en gevra: "Wie is hierdie man?"
11Die skare het geantwoord: "Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea!"

**Inligting vir die begeleier:**
Matteus berig redelik breedvoerig oor Jesus se laaste vyf dae voor sy kruisiging in Jerusalem. Die Maandag voor sy kruisiging op Paasvrydag beskryf Matteus sy intog in die Dawidstad. Hy ry op die rug van 'n jong donkie, simbolies van sy nederigheid as die lydende Messias. In dieselfde asem is hierdie gebeure die vervulling van die profesie van Jes. 62: 11 en Sag. 9: 9. Hierna gaan Jesus na die tempel toe waar Hy die tafels van die geldwisselaars omgegooi en die tempel gereinig het. Die Dinsdag spreek Jesus die skynheiligheid van die godsdienstiges aan. Die Woensdag was die dag toe Judas Iskariot die Here Jesus verraai het en gekonkel het met die vyand om Jesus dood te maak. Dit was ook op hierdie dag dat 'n vrou Jesus met baie duur olie gesalf het. Die Donderdag berei Jesus se dissipels die paasmaaltyd voor en stel Hy die nagmaal in. Hierna gaan bid Jesus in die tuin van Getsémané. Daardie nag kies Jesus om die lydensweg enduit te loop. Hy kies om die lydensbeker te ledig. Kort hierna word Jesus gevange geneem en in die vroeë oggendure van Vrydag ter dood veroordeel.

**Gesels dan hieroor:**
- Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
- Of enige vrae wat jy nou het.

***Hier:***
- Jesus het oral waarheen Hy gegaan het geloop. Maar dié dag het Hy vir 'n donkie gevra. Hoekom dink julle het Jesus die dag gekies om op 'n donkie te ry? NB! Onthou dat alle celebrities en koninklikes in daardie op donkies gery het.

Hou die emosie-kaart omhoog. Gee paar sekondes van stilte sodat elkeen sy eie emosie kan identifiseer op die emosie-kaart. Nooi hulle uit om in kort sin te verduidelik watter emosie in hulle losgekom het tydens vandag se les.

**Nou:**
- Die skare het Jesus dié dag soos 'n koning behandel. Hoekom het hulle dit gedoen? Lees Sagaria 9: 9. Wat het hulle gedink gaan Jesus doen?
- Dieselfde skare het, minder as 'n week later, geskreeu "Kruis Hom!". Wat dink julle het met die skare in die paar dae gebeur? Hoekom was hulle so teleurgesteld in Hom?

Vra vir die groep aan watter verhoudings in hulle eie lewe hierdie teks hulle herinner het. Gebruik die verhoudings-kaart as hulpmiddel.

**Voor:**
- Jesus wil nie 'n *celebrity* of 'n gewone koninklike wees nie. Hy sê wel duidelik dat Hy die Koning en die Messias is. Watter verkeerde verwagtings het mense nog steeds van Jesus?
    - Watter tipe Koning is Hy dan?
    - Watter prentjie van Jesus wil jý volg?

---
[o] Vgl. Ps. 118: 26

- Kyk na die videoclip https: //youtu.be/bpcusZxgTw4 “What makes a great leader?” Gesels dan oor die tipe leier wat Jesus was.
- Dink jy mense verstaan Jesus vandag nog verkeerd? Hoe? Noem voorbeelde.
- Hoe moeilik/maklik is dit om teen die meerderheid te gaan?

Gebruik die dromer-kaart en vra vir die groep wat hulle dink God se Gees vir hulle sê oor die verhouding of verhoudings waaraan hulle gedink het.

**Verder:**
- Skryf in jou gebedsjoernaal neer watter persone (leiers, sportmanne en – vroue, celebrities) jy volg.  Bid dan vir hulle.
- Kan jy dink aan mense op wie se lewe jy ’n invloed het (broers, susters, jonger vriende)? Bid dan vir hulle.
- Jesus roep ons om leiers te wees wat die wêreld rondom ons beïnvloed.  Jy hoef nie op die Raad van Leerders te wees om ’n invloed te hê nie.  Jý het ’n invloedsfeer!

Gebruik die verteller-kaart en vra vir elke deelnemer wat hierdie week vir hom of haar voorlê? Wat beplan hulle vir hierdie week?

**Gebed:**
Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid?

**Onthou julle nog die ABC van gebed?**

**A**anbidding
“Here, ek aanbid U, want…”
**B**elydenis
“Here, vergewe my vir…”
**V**oorbidding
“Ek bid vandag vir…”
**D**anksegging
“Dankie, vir…”
**E**ie behoeftes en toewyding
“Here, help my om…”

# Familie Tuisblad

**5 - 11 April 2020**

in samewerking met NG Gemeente Rustenburg-Suid en nous.org.za

**Fokus vers**

**Matteus 27: 31b**
Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig.

**Tema van die week**

Jesus ly vir ons…

**Bybel tyd**

**So:** Matteus 26: 14 - 27: 46
**Ma - Di:** Psalm 31: 9-16
**Wo - Do:** Filippense 2: 5-11
**Vr - Sa:** Jesaja 50: 4-9a

**Bid tyd**

**Dankgebed (Gebed voor ete)**
Dankie dat U vir ons lewe gee, ook deur hierdie kos. Amen.

**Oorgee-gebed**
Laat my lewe wys dat ek U volg, sonder om dit weg te steek vir ander. Amen.

**Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)**
Mag jy vandag daar wees vir ander wat dalk swaarkry.

**Gesels tyd**

Ons gesels saam oor ons lewe en geloof

Lees die **Tekste** soos aangedui in **Bybel-tyd** hierbo.

**Oopskop vraag:** Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?
**Raakvat vra:**

- Tel hoeveel mense se name word in hierdie gedeelte genoem. Maak 'n lysie van almal se name, en kyk of julle elkeen se rol in die verhaal in een sin kan opnoem.
- Kyk of julle die verhaal kan oorvertel vanuit Judas Iskariot se oogpunt. Vertel wat jy waar gevoel en gedink het.
- Watter gedeelte in hierdie verhaal raak jou die meeste vandag? Hoe so?
- Vertel wat Jesus se swaarkry vir jou beteken.

**Speel tyd**

Ons spandeer kwaliteit-tyd saam

Gebruik skoon roomysstokkies, of iets soortgelyk, om kruisies te maak. Verf die kruisies rooi en sit hulle teen julle voordeur op. Julle kan dalk ook ekstra maak en vir mense gee met 'n spesiale boodskap.

**Doen tyd**

Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier

Stuur vir iemand wat jy nie ken nie, 'n paaseier. Neem ook een van julle rooi kruisies saam, en vertel hoekom jy dit saam met die eier gee. Maak seker jy onthou die persoon se naam.

**Leef tyd**

Ons leef ons geloof heelweek uit

Plaas 'n spesiale wit handdoekie by die wasbak in die badkamer. Elke keer as jy jou hande gewas het en met die gewone handdoek afgedroog het, vee jy ook jou hande met die wit handdoek af en sê: "*Jesus het my skoongewas*."